So is ons verraai (31)

Uit: Kruger, Paul: *Settlement of the Boer-Afrikaner People's claim to territorial self-determination: Inviting international intervention.* (**Verkrygbaar by** Chantal Kruger, VVK-kantoor, tel. 079 740 7214).

APARTHEID, 1948-1994 (21)

Die 1980's: Terugslag van die Rubicon en uiterste druk

In die tussentyd het die internasionale ekonomiese sanksies, boikotte en uitsluitingskampanje teen die land soveel momentum gekry dat dit niks anders as sosio-ekonomiese oorlogvoering genoem kon word nie. Suid-Afrika kon met slegs 23 ander lande in die internasionale gemeenskap amptelike diplomatieke bande behou — 'n skamele 13% van sy voormalige diplomatieke vriende — terwyl die ANC oral in die wêreld sigbare teenwoordigheid geniet het. Vier state, naamlik die USSR, Oos-Duitsland, Kenia en Indië het selfs "diplomatieke status" aan die ANC verleen. Teen die einde van die 1980's het ten minste 100 lande amptelik handel met Suid-Afrika beperk en tot 90% van die land se uitvoere was daardeur belemmer (*Strategic Review for Southern Africa, November 1989: 49*). Die land moes toenemend op buitelandse lenings steun om aan die gang te bly, en teen die tweede helfte van die tagtigerjare het buitelandse skuld ongeveer 24 miljard VSA dollar bedra.

Onmiddelllik ná die instelling van die driekamer parlementêre stelsel het stakings, oproere en onrus in die swart gemeenskap uitgebreek. Dié stelsel is met reg deur die ANC vertolk as 'n desperate maatreël van 'n regering wat teen die toue was. Die geweldige druk op die regering en gerugte van "belangrike aankondigings" wat sou kom, in omloop, het mense laat glo dat pres. P.W. Botha op 'n provinsiale Nasionale Partykongres in Augustus 1985 besliste toegewings met betrekking tot die swart politieke situasie sou maak. Aan die einde van sy toespraak het Botha gesê; "*Ek glo dat ons vandag die Rubicon oorsteek. Daar kan nie teruggedraai word nie*". Hierdie woorde was egter in skrille kontras met die res van sy toespraak waarin hy bevestig het dat die regering nie deur revolusionêre optrede tot verandering gedwing sou word nie. "*Moet ons nie te ver druk nie*", het hy die wêreld gewaarsku (*Prinsloo: 341-349*). Die verwagtinge van verandering wat deur sommige van Botha se eie kabinetskollegas gewek is, het op niks uitgeloop nie. Dit het die internasionale wêreld teleurgestel en verder die harnas teen Suid-Afrika ingejaag.

Botha se redevoering — later bekend as die Rubicon-toespraak — is deur wêreldwye verbolgenheid gevolg. Die reeds groot uitvloei van kapitaal uit Suid-Afrika het geweldig toegeneem. R27 000 000 000 het net tussen 1985 en 1989 uit die land gevloei. Die waarde van die Rand het getuimel en as gevolg daarvan het die reeds hoë inflasiekoers tot meer as 20% gestyg. Die prima uitleenkoers het 'n hoogtepunt van sowat 25% bereik. Die reusagtige bedrae wat op die nieblanke gemeenskappe spandeer is (terwyl hulle self minimale belasting betaal het) het geweldige tekorte op die lopende rekening veroorsaak. Dié tekorte moes uit buitelandse lenings betaal word. Met die ekonomie in so 'n benarde toestand kon die land egter kwalik meer sy buitelandse skuld betaal, en die bronne van befondsing was vinnig besig om op te droog. Kort na die Rubicon-toespraak het Amerikaanse- en ander sleutel internasionale banke geweier om hulle skuldbriewe te hernu en het hulle alle verdere lenings aan Suid-Afrika gestaak. Suid-Afrika het daarop 'n

skuldstilstand verklaar: die regering het ’n moratorium op die terugbetaling van ’n groot gedeelte van buitelandse skuld geplaas. Die terugbetaling van sowat 10 miljard VSA dollar aan buitelandse krediteure is gevries en volgende op hierdie chaos het die waarde van die Rand verder op die buitelandse valutamark ineengestort (*Sadie: 45; The Multinational Monitor, September 1988; Nattrass et. al.: 18; Davis, D.M. et. al.: 17-28; Business Tech, 15 January 2016*).

Die onderhawige krisis het grootliks gespruit uit ’n belaglike siklus van ’n blanke regering wat homself bankrot spandeer en leen tot voordeel van nieblankes, en vir wie dit dan deur die buitelandse krediteure onmootlik gemaak word om die lenings terug te betaal omdat die nieblankes kwansuis so “swak” behandel word...

Meer sanksies en disinvestering het gevolg. Gedurende 1986 het die Amerikaanse Kongres wetgewing bekend as die CCCA aanvaar wat private handel tussen die twee lande ernstig gekniehalter het. Dit het vir Suid-Afrika verliese van sowat ses miljard VSA dollar meegebring. Teen die laat 1980’s het sanksies ’n geskatte een miljoen swartes in Suid-Afrika werkloos gelaat, en omdat die omliggende swart state se ekonomieë so afhanklik van Suid-Afrika s’n was, het ’n verdere anderhalf miljoen werksgeleenthede ook in dié lande verlore gegaan. Dit is nogal ironies dat, terwyl die VSA sy ekonomiese veldtog teen Suid-Afrika tot hierdie nuwe hoogtes gevoer het, die swart Afrikastate rondom Suid-Afrika (insluitend die kommunistiese diktatorskap in Mosambiek), hulle handel met die “rassistiese regime” onverpoos voortgesit het (*House Republican Study Committee, February 20, 1990: 6; Norval, M.: 186-187; Gann & Duignan: 265-266*).

In die volgende uitgawe: *Die “Struggle” in ANC-styl: “halssnoere” is nie juwele nie*.